

Skoolmeester, Skrywer, Gewilde Spreker en Propagandis

G.J. Schutte, *Van Amsterdam naar Krugersdorp en weer terug: P.J. Kloppers (1848-1912), skoolmeester en skrywer*
Suid-Afrikaanse Instituut, Amsterdam, Nederland, 2007
95 pp
ISBN 978-90-74112-26-0
€10.00

Oor *Krugers Hollanders* het daar deur die jare reeds talle monografieë, bronnepublikasies en tydskrifartikels verskyn. Daarom is die eerste reaksie by die opneem van nog 'n publikasie oor nog een van dié Hollanders: Is daar nog iets nuuts oor hulle te sê? Danksy die outeur se onderhoudende skryfstyl, begin jy egter lees en spoedig is jy geboei deur die lewensloop van hierdie “exemplarisch geval”, die Nederlandse skoolmeester en pro-Boer P.J. Kloppers, “in eigen tijd niet geheel onbekend, sindsdien volslagen vergeten”.

Die Eerste Anglo-Boereoorlog (1880-1881) het destyds onder alle lae van die Nederlandse bevolking sterk emosies gewek en onder meer in 1881 tot die stigting van die Nederlands-Zuid-Afrikaanse Vereniging (NZAV) aanleiding gegee. Een van die hooftake van die NZAV was om die onderwys in Suid-Afrika, en by name in die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR), te bevorder. Dit het ingepas by president S.J.P. Kruger se strewe na Nederlandstalige en Christelik-nasionale onderwys in Transvaal. Hy het dus aan Nederlandse Protestants-Christelike onderwysers bo onderwysers uit die Kaapkolonie, synde Britse onderdane, voorkeur gegee. Teen die einde van die negentiende eeu was daar gevolglik omtrent 300 Nederlandse onderwysers in die ZAR. Hulle het om verskillende redes na die Transvaal gekom, maar dit was normaalweg omdat hulle beroepsgewys moontlik beter vooruitsigte in die Republiek gehad het. Daarby het 'n skeutjie avontuurlus gekom, maar gewis ook die behoefte om tot die ontwikkeling van hulle stamverwante in die ZAR by te dra. Dit was ook die geval met Kloppers.

Philippus Johannes Kloppers is in 1848 “uit streng Gereformeerde ouders” in Arnhem gebore, was op dertienjarige leeftyd reeds 'n kwekeling aan die Christelike Normaalschool de Klokkerberg in Nijmegen, en het na 1866 agtereenvolgend onderwys gegee in Arnhem, Oostwold en Vlissingen, waar hy in 1873 as skoolhoof aangestel is. In 1873 het hy met Sophia Gerhardine Wagner in die huwelik getree; 'n egverbintenis waaruit drie seuns en vier dogters gebore is, waarvan twee jonk oorlede is. In 1880 het Kloppers verras deur die

administratiewe pos van amanuensis aan die Vrije Universiteit van Amsterdam te aanvaar; waarskynlik omdat hy meer tyd aan sy skryfwerk wou bestee. Na twee jaar het hy na die onderwys teruggekeer en in Amsterdam 'n "Burgerschool met den Bijbel" vir sy eie rekening gestig.

Kloppers was nie alleen 'n koorleier van byvoorbeeld die Christelike Zangvereniging De Lofstem nie, maar ook 'n produktiewe joernalis en skrywer van onder meer verse, jeugverhale en verhale uit die vaderlandse en kerkgeskiedenis; 'n totaal van sowat 'n honderd titels, waarvan sommige selfs na sy oorlyde herdrukke beleef het. Veral *Beknopte pedagogiek ten behoeve van Christelike Normaallussen* (Amsterdam, 1889), wat Kloppers in medewerking met H.J. Emous geskryf het en wat nie minder as drie herdrukke beleef het nie, word deur Schutte in hierdie verband uitgesonder. Sy *magnum opus* was die agtdelige *Nederland en Oranje in woord en beeld* wat tussen 1893 en 1898 verskyn het.

In 1899 het Kloppers se lewe 'n verrassende wending geneem. Op vyftigjarige leeftyd het hy en sy gesin na die ZAR geïmmigreer, waar sy seun Philip homself reeds twee jaar vantevore gevestig het. Bowendien was F.W. Wagner, 'n broer van sy eggenote, die hoof van die Staatsmodelschool in Pretoria. Oor moontlike redes vir sy koms na die Transvaal is reeds hierbo gespekuleer, maar positiewe berigte van sy seun en swaer moes beslis ook tot sy besluit bygedra het. Krugersdorp sou Kloppers se standplaas word. Helaas, oorlogswolke het in daardie stadium reeds oor die Transvaal saamgepak en op 11 Oktober 1899 het die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) begin. As burger van die ZAR was Kloppers bereid om te gaan veg, maar die owerheid was van mening dat hy 'n groter diens sou lewer deur die skool aan die gang te hou en by die plaaslike Rooikruis betrokke te raak. Die twee seuns van Kloppers het wel by die Boerekommando's aangesluit. Hein, die jongste, het tifuskoors gekry, maar Philip het in Pelgrimsrust die Straatdrukkerij en -munt te Velde opgerig en uiteindelik 'n bittereinder geword. Kloppers Senior was aan die begin van die oorlog optimisties en oortuig: "God is met de Boeren!", maar namate die oorlog voortgesleep het, het sy berigte daaromtrent geleidelik al meer pessimisties geword. Toe die Engelse Krugersdorp teen die einde van Mei 1900 bereik het, is Kloppers nie dadelik uit die land gesit nie, maar was hy steeds aktief by die werksaamhede van die Rooikruis betrokke. Sy "redelike verhouding met het plaatselike Britse gezag" val nogal vreemd op as 'n mens daaraan dink hoe 'n vurige pro-Boer hy was. Sy skool was gesluit, maar met Britse toestemming het hy op 1 Augustus 1900 "een privaat-school" geopen – om 'n inkomste te hê. Later het die Britse owerheid hom

aangeraai om by die Nederlandse konsul om 'n "vrije passage" na Nederland aansoek te doen. Die gesondheidstoestand en sensuspanning van sy eggenote, het Kloppers laat besluit om die ZAR te verlaat en op 16 Januarie 1901 het hulle Krugersdorp verlaat en teleurgesteld op koste van die Engelse per boot na Nederland teruggekeer.

Na sy terugkeer na Nederland, het Kloppers as propagandis vir die Afrikanersaak opgetree. Hy was 'n gewilde spreker by byeenkomste wat deur *Het Christelijk Nationaal Boeren-Comité* gereël is en het Nederland deurkruis om van sy eerstehandse ervarings in Transvaal te vertel en steun vir die Boere te werf. Ook sy pennevrugte (feite en fiksie) het voortaan hoofsaaklik oor die lot van die stamverwante in Suid-Afrika gehandel. Op bladsy 55 weeg Schutte die werke van Kloppers en Louwrens Penning teen mekaar op en swaai die skaal sterk in die guns van Penning.

Naas sy werk as propagandis, het Kloppers ook weer as dosent opgetree tot hy in 1902 as direkteur van die *Nederlandsch Schoolmuseum* in Amsterdam aangestel is. Hy het sy Nederlandse burgerskap teruggekry. In 1903 het Kloppers na Groningen verhuis omdat hy aldaar as "*districtsschoolopziener*" aangestel is. Op 24 April 1912 is P.J. Kloppers oorlede. In die woorde van sy vriend, H.J. Emous, was hy "een man met sterke sympathieën en antipathieën", krities, ywerig en gelowig. Uit Schutte se studie kan afgelei word dat dié opsomming raak was.

Die bronnelys en endnote dui aan dat die studie hoofsaaklik op navorsing in verskillende staatsargiewe en argiewe van instansies berus. Die uitgebreide bibliografie van P.J. Kloppers agterin die boek dui aan hoe 'n prolifieke skrywer hy was. *Van Amsterdam naar Krugersdorp en weer terug* is 'n keurige publikasie en daarom is dit bitter jammer dat dit ontsier word deur die presiese herhaling van die twee paragrawe op bladsye 23 en 24. Hoewel die publikasie nie omvangryk is nie, sou die insluiting van 'n register sekerlik nie onvanpas gewees het nie.

Diegene wat Tweede Anglo-Boereoorlog-behep is, sal hierdie publikasie oor P.J. Kloppers waarskynlik teleurstellend vind, want Kloppers se verblyf in die ZAR was so kortstondig dat die leser weinig oor die lewenswyse en geestesklimaat op die vooraand en na die uitbreek van die oorlog hierin sal vind. Die outeur het egter uitmuntend daarin geslaag om Kloppers in sy Nederlandse milieu te plaas, sodat die leser haas onbewustelik heelwat aangaande die godsdienstige, sosiale en kulturele lewe in die destydse Nederland te wete kom. Boonop kom die gevoel van stamverwantskap met die Afrikaners en die pro-Boer

Boekresensies

sentiment wat destyds onder die Nederlanders geheers het, pragtig tot uiting in die saaklike, maar voortreflike lewenskets van Kloppers. *Van Amsterdam naar Krugersdorp en weer terug* is inderdaad nog 'n waardevolle steentjie in ons gebou van kennis aangaande *Krugers Hollanders*.

O.J.O. Ferreira
Departement Historiese en Erfenisstudies
Universiteit van Pretoria